

Saterdag 13 Oktober

Skrif- en Fokusgedeelte:

Efesiërs 3:14-21

Gebed dat die kerk vervul mag word met krag, liefde, kennis en wysheid

In hierdie gebed word die Vader aangeroep, want aan hierdie Vader het die hele ge-meenskap van gelowiges in die hemel en op aarde hulle bestaan te danke. Voor Hom kniel ons in heilige eerbied.

Die gebed begin met smeking dat God ons krag sal gee en hierdie krag moet ons innerlik sterk maak, want uit ons innerlike kom ons gedagtes, emosies en optrede. Ons vra hiermee ook dat Christus in ons sal woon en dat Hy ons vanuit ons hart sal beheer.

Saam met die gebed om krag vra ons om in liefde gewortel en gegrondves te word. Liefde is ons lewenswortel en ons lewe se fondament. Ons lewe van die liefde wat God in ons harte instort. In die gebed smeek ons verder om kennis, want ons wil begryp hoe wyd en ver en hoog en diep Christus se liefde strek. Ons moet dit begryp saam met medegelo-wiges, want ons het mekaar nodig om die liefde van die Here aan mekaar uit te wys.

Ons bid verder om vervul te word met die volheid van God. Ons bid om daagliks meer en meer Christus se beeld, die Here se heiligheid en heerlikheid uit te straal. Ons bid hier-mee om die vervulling met die Heilige Gees wat God se volheid in ons werk.

Hierdie gebed loop uit op lofprysing, en so word die gebed omring deur die verheerliking van God. Ons prys Hom vir sy krag, want Hy doen oneindig meer as wat ons dink en wat ons bid.

Sing: Skrifberyming 15-1:1-5

Prof. BJ (Ben) de Klerk (Emeritus)